HOËRSKOOL PORTERVILLE

Posbus 22
6810
Tel: (022) 931 2174
Faks: (022) 931 3321
e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

15 Maart 2019

Kwartaalbrief 1/2019

Geagte Ouers

1. BEDANKING

Weereens baie dankie aan so baie van u wat op 'n onbaatsugtige wyse by die skool betrokke is. U hulp word raakgesien en opreg waardeer. Ons wil veral dankie sê aan ouers wat hierdie kwartaal betrokke was by die:

- sportkafee's
- atletiekafrigting
- rugby- en netbalafrigting
- beamptes by atletiekbyeenkomste
- borgskappe, donasies en fondsinsamelings
- toesig by klasse en sokkies
- bederf van personeel

Ons konvenors was weereens staatmakers. Dankie aan **Wilna Liebenberg** en ons konvenors wat sorg dat ons kombuis vol flukse mammas en pappas is om ook daar hul deel te doen! Hulle is:

Anél Behm	**Janet Visser**	**Luzelle Steenkamp**	**Caroline Kordom**
Carmen Sofat	**Izette Afrika**	**Geraldine Kirsten**	**Dashielle Scholtz**
Alana Myburgh	**Lariska Verster**	**Anchen Albertyn**	**Sanet Kleynhans**
Salome Jordaan	**Marita Swarts**	**Trudy Jafta**	**Jeannie Venter**

Die skool het dit goed gedink om 'n ouerlys saam te stel vir bereidheid tot betrokkenheid by skoolaangeleenthede. Die skool nooi alle ouers om hulle name op die lys te kom plaas. Die ouerlys is beskikbaar by Elna Lombard (Ontvangs).

2. SKOOLTYE VIR DIE TWEEDE KWARTAAL

Skool heropen	:	Dinsdag, 2 April
Graad 1	:	07:30 - 13:15
Graad 2 - 12	:	07:30 - 14:00

Let wel: Die skool begin met Dinsdag se rooster.

3. PERSONEEL

Mnr Jacques van Reenen (Lewenswetenskappe Gr. 10-12) en Me Sonet Meyer (Rekeningkunde Gr. 10-12) het in Januarie by ons ingeskakel.

Me Sonet Meyer verlaat ons aan die einde van die kwartaal.

4. A-KANDIDATE / PRESTASIES - NSS-EKSAMEN 2018

Cornel de Villiers (87%), Reinette van der Merwe (87%), Danelle Behm (85,29%), Hendrik Louw (83,86%), Le-Handré Gloyne (80,71%), Dawid Smit (80,71%).

Verbruikerstudie

Le-Handré Gloyne behaal 'n 6de plek in Verbruikerstudie in die Wes-Kaap.

Gr. 12 Landboubestuurspraktyk

Armand Fourie (86%), Theun Burger (83%), Elsa Basson (80%) en Henco de Beer (80%) was onder die Top 10 in die Wes-Kaap.

5. LEERDERBYWONINGSBELEID

Ons bring net weer die leerderbywoningsbeleid onder u aandag: Indien 'n leerder 10 (tien) dae aaneenlopend afwesig is, daar kontak met die ouers beding is, en daar geen rede of versoening aangebied word nie, sal so 'n leerder onmiddellik vanaf SOBIS verwyder moet word. So 'n leerder sal dan heraansoek moet doen om toelating tot die skool.

6. RAPPORTE / ASSESSERINGSVERSLAE

Saam met hierdie omsendbrief ontvang u 'n rapport/assesseringsverslag. Daarin kan u sien hoe u kind gedurende hierdie kwartaal akademies gevorder het. Bespreek dit asseblief met u kind. Diegene wat nie so goed presteer het nie, sal 'n besluit moet neem om volgende kwartaal meer getrou te werk. Vergewis uself asseblief van die KABV slaagvereistes vir die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO Fase.

Grondslagfase: Gr. 1-3

- Huis Taal (Vlak 4) ten minste 50%
- Engels (Vlak 3) ten minste 40%
- Wiskunde (Vlak 3) ten minste 40%

Intermediêre Fase: Gr. 4-6

- Huis Taal (Vlak 4) ten minste 50%
- Engels (Vlak 3) ten minste 40%
- Wiskunde (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 3) ten minste 40%

Senior Fase: Gr. 7-9

- Huis Taal (Vlak 4) ten minste 50%
- Engels (Vlak 3) ten minste 40%
- Wiskunde (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 2) ten minste 30%

VOO Fase: Gr. 10-12

- Huis Taal (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 2) ten minste 30% - met dien verstande dat die SBA komponent ingehandig is vir die vak wat nie geslaag is nie.

Die effek hiervan is kommerwekkend vir ons as skool na die afgelope toetsreeks. Ons vestig u aandag daarop dat u asseblief u kind(ers) se rapporte/ assesseringsverslae moet onderteken en op Dinsdag, 2 April, na die skool terugstuur.